IMPAKTE VAN SAADWETTE OP PLAASBEHEERDE SAADSTELSELS

- Plaasbeheerde saadstelsels (*farmer-managed seed systems* of FMSS) word nie erken en ondersteun wanneer dit by saadwette kom nie, ondanks hul belangrike rol in saadlewering en die handhawing van saad- en gewasdiversiteit.
- Kleinboere wat hul eie saadstelsels beheer, word uitgesluit van deelname aan 'n land se saadstelsel.
- Boere word slegs as verbruikers van saad beskou, en nie as belangrike belanghebbers in die saadstelsel nie.
- Plaaslike saadvariëteite wat deur kleinboere geproduseer word, word nie deur saadwette erken nie omdat hulle nie aan die DUS- (onderskeibaar, eenvorming en stabiel) kriteria voldoen nie en as van swak gehalte geag word.
- Kleinboere is dikwels nie in staat om gesertifiseerde saad te bekostig nie omdat dit te duur is.
- Sommige saadwette kriminaliseer die bemarking en oorgrensverhandeling van saad wat nie gesertifiseer is nie. Dit beperk die meeste kleinboere se verkope en uitruiling van saad en het 'n negatiewe impak op hul inkomste.
- Boere en burgerlikesamelewingsorganisasies behoort aan te hou om voorspraak te maak vir die ondersteuning en erkenning van FMSS.
- FMSS neem belangrike aspekte van saadproduksie in ag – soos voedingsvereistes, smaakvoorkeure en kulturele waarde sowel as die nodigheid om diverse kosse te produseer – maar die formele saadsektor, weens sy ingesteldheid op wins, steur hom gewoonlik nie aan hierdie aspekte nie.

african centre for biodiversity

www.acbio.org.za info@acbio.org.za Tel +27 (0)11 486 1156

dudacoelho.com